AFSKRIF/GB.

KORT OPSOMMING VAN DIE OORSPRONKLIKE IN SOTHO.
(1)

**HOOP WAT LEI TOT SUKSES.**

Die hoofde van die Batlokoa op 20 November 1963 te Ficksburg vergader met die doel om te verneem van die aard van die organisasie en die gevoel van die volk.
Dit is 110 jaar dat daar geen vergadering op hierdie plek gehou was. Die laaste byeenkoms was deur Kaptein Sekonyela op 29 Oktober 1853 gehou was na die verstooiding van sy volk tot sy dood in Herschel in 1855. Dus is hierdie byeenkoms die voorloper van die baie wat orals waar die Batlokoa leef gehou sal word.
Hierdie 20ste dag van November 1963 word beskou as 'n dag van eer aan die Batlokoa want sodra hulle hulle eie land verkry, sal hulle dit afsonder as 'n Batlokoa publiek vakansie ter herdenking aan hierdie voorval.
Die vergadering was deur die voorsitter Kaptein Molefe ge-open en o.a. het hy sy dank uitgespreek vir die genade van God wat hulle by die murasies van hulle voorvaders byeen gebring het vir die doel om die verstrooide volk bymekaar te bring. Kaptein H.M. Mota het 'n beroep aan die Batlokoa gedoen om gedagtes te verskaf wat die Batlokoa bymekaar kan bring as 'n volk wat op baie plekke te vind is nl. Freistraat, Basoetoeland, Natal en Transkei.
Al die ander sprekers het op dieselfde spyker geslaan nl. om die verstrooide Batlokoa bymekaar te bring.
Die Batlokoa wil graag na hulle voorvaders se murasies teruggaan. Die Geskiedenis is aangehaal self uit die Bybel ook, vir ondersteuning van hulle beroep.
Sommige van die mense was uit Basoetoland bv. Kaptein P. Lebaka wat verduidelik het hoe hulle vyande hulle met skrik vervul het aangaande wat die Regering van Die Republiek van Suid-Afrika aan hulle sou doen, maar tot sy skok het hy 'n warm verwelkom ontvang.
Sommige inligting is by pamflette verkrygbaar bv. LIFAQANE. Hierdie organisasie het nie partye of politieke nodig nie. Daar is 500 van die Batlokoa wat bereid is om hulle eie land in te gaan. 'n Beroep word gedoen omdat eendrag maak mag om selfregering in eie tuiste te kan bereik. Dink aan 1775 wanneer die kroning van Kaptein Lebaka deur Kaptein Motonosi uitgevoer was. Julle as hulle agterkleinkinders, behoort om daardie unie vooruit te bring.

AFSKRIF/GB.

KORT OPSOMMING.

<u>UITNODIGING: FICKSBURG -- VREDE.</u>

Die duur van die veldtog is vanaf 20 November 1963 tot 21 Desember 1963.

'n Beroep word aan die Batlokoa gedoen om 'n byeenkoms by te woon wat op 25 Januarie 1964 te Harrismith gehou sal word.

Batlokoa neem hiermee kennis dat die moeite wat onderneem was om die Batlokoa volk byeen te roep het misluk as gevolg van die Batlokoa se baie vyande wat op baie plekke bedrieglike propaganda versprei het deur om te sê dat die Batlokoa wat die byeenkoms waarna hulle byeengeroep is, sal of in hegtenis geneem word of doodgemaak word. Sulke praatjies was deur mense wat probeer het om die eenheid van die Batlokoa volk te vernietig.

Hierdie voorbereiding is by die hoofstad van Tlokoeng, Ficksburg en Vrede by Kapteins Lebaka en Sekonyela begin.

Batlokoa het julle op en wees waaksaam teen die praatjiesmakers wat wil julle met skrik vervul want hulle is die vyande van julle volkbewussyn.

Tot hoe ver het hulle hulle huise skoongemaak dat hulle die vuilis in die huis van die bond Tier van die Noorde en Tabane kan sien!

Om julle die waarheid te vertel, hierdie Regering wat ons onder sy beheer is, dit is nie 'n Regering wat van bedrieglike propaganda hou nie, maar dit is 'n Regering wat graag wil sien dat enige volk wat probeer om vooruit self wil gaan, sal dit help sodat dit ook voorregte soos die ander mag kry, en nie die praatjiesmakers wat hou van die feit dat ons gedurig slawe van hongersnood en armoed moet bly onder bedrieëry wat sê julle so gedoen het sal ons vir julle so doen.

Die Batlokoa moet aan hulle byeenkoms belangstel sodat hulle binnekort 'n land mag kry wat hulle sal bewaar sodat hulle selfregering onder hulle eie natuurlike hoofmanne en nie deur vreemdelinge beheer word nie. Die byeenkoms wat te Vrede gehou was, was meer suksesvol as by Ficksburg onder Kaptein P.R.L. Lebaka.

Groete van die afstammelinge van die Batlokoa.

Bestuurslede:

Name soos op pamflet.

AFSKRIF/GB.

KORT OPSOMMING.

**HOOP WAT NA SUKSES LEI.**
**Deel III.**

Bladsy 1.

Die strye wat dwarsdeur die hele wêreld tussen nasies gevoer was, het hulle volkbewussyn vernietig.
Sommige nasies was deur hulle volkpoësies tot volkstrots weer gebring.
Kan die Batlokoa nie hierdie voorbeeld volg sodat hulle eendragtig staan en erken te word as 'n volk !
Die Batlokoa kan maklik met die ander nasies vergelyk word. Die tyd laat dit toe. Die Regering wat hulle beheer aanmoedig dit. Laat die Batlokoa God en hulle gode vertrou om sukses in hulle veldtog.
'n Beroep word aan die hoofmanne gedoen om die sendelinge in hierdie opsig te ondersteun want die tyd laat dit toe dat die Regering gelukkig besig is om volke selfstandigheid gee. Sodat hulle self kan ontwikkel. Geduld is noodsaaklik en so is eer aan eie leiers.
As die Batlokoa vertroue in hulle leiers het, sal hulle hulle byeenkoms in goeie getalle bywoon en deur briewe voorstelle indien. Wat julle behoort om goed te verstaan is dat hierdie taak niks te doen met politieke te doen nie.
Neem deel aan die groot taak om die verstrooide Batlokoa bymekaar te bring.
As jy 'n Motlokoa is, en graag iets oor hierdie organisasie weet tree in verbinding met die onderstaande Batlokoa.
Name soos op meegaande pamflet.

Phomolong Lokasie,
Harrismith
3de November 1963.

Aan Sy Edele Mnr. S.F. Papenfus,
Kantoor van die Kommissaris-generaal.
FICKSBURG.

Hoogedele heer,

Aansoek word hiermee gedoen vir 'n onderhoud met u, met die doel om 'n stukkie grond vir die "Makholokoe" stam aan te vra.

Geliewe ons daarvan te verwittig of dit vir u moontlik sal wees om 'n afvaardiging in hierdie verband op die 20ste Desember 1963 te ontmoet.

Dankie byvoorbaat.

Hoogagtend u dienswillige dienskneg,

(Get) A.S. MOLOI
(Verteenwoordiger van die
Makholokie stam).

N.1/1/2.

Bantoesakekommissaris,
Harrismith.
25 Maart 1963.

Mna Azanial Moloi,
1663 - Phomolong Lokasie,
HARRISMITH.

Groete,

Met verwysing na u verdere vertoë, wens ek u mee te deel dat dit nie die beleid van die Regering is om persone aan te stel of te erken as Kapteins nie, tensy hulle en hulle volgelinge permanent woonagtig is in 'n Bantoe gebied.

Groete,

(Get) F.A. VENTER.
BANTOESAKEKOMMISSARIS VAN
HARRISMITH.

(17)N1/1/2.
(C)N1/27/3(1).

Mnr. A. Swart.
89057.

HOOFBANTOESAKEKOMMISSARIS,
PRIVAATSAK,
BLOEMFONTEIN.
24 Mei 1963.

Die Sekretaris van Bantoe-administrasie
en -ontwikkeling,
Posbus 384,
PRETORIA.

MAKHOLOKOESTAM : HARRISMITH DISTRIK : U F54/1781/3
VAN 15 MEI 1963.

Aangeheg vind u afskrifte van die Bantoesakekommissaris, Witsieshoek, se diensbrief N1/27/3 gedateer 28 Februarie 1962 en my diensbrief (C)N1/27/3(1) van 12 Maart 1962, wat hopelik u navraag sal beantwoord.

HOOFBANTOESAKEKOMMISSARIS : O.V.S.

Kanselleer H/O 6/6

B

AFSKRIF/GB.

(O)N1/27/3(1).

HOOFBANTOESAKEKOMMISSARIS,
PRIVAATSAK,
BLOEMFONTEIN.
12 Maart 1962.

VERTROULIK.

Die Sekretaris van Bantoe-administrasie
en -ontwikkeling,
Posbus 384,
PRETORIA.

MAKHOLOKOESTAM : HARRISMITH DISTRIK.

1. Na aanleiding van u diensbrief (Kaapstad) van 26 Januarie 1962, (afskrif aangeheg) stuur ek nou n afskrif aan van die Bantoesakekommissaris, Witsieshoek, se diensbrief Nr. N1/27/3 van 28 Februarie 1962.

2. Indien grond beskikbaar gestel sou word vir hierdie stam, is dit sonder twyfel dat ander soortgelyke aansoeke ingedien gaan word deur ander Bantoestamme in die Oranje-Vrystaat. In die verband verwys ek u na my diensbrief Nr. (54)N1/1/2 van 22 September 1961 en u antwoord Nr. 25/54 van 29 September 1961.

3. Daar is duisende Suid-Sotho sprekende Bantoes oor die Vrystaat versprei wat van tyd tot tyd boereplase (of stede) moet verlaat omdat hulle te oud geword het om langer te werk en n landelikedorp, of ander grond by Witsieshoek, waar sulke mense geplaas kan word is dus dringend noodsaaklik. Op die oomblik stroom hulle teen wil en dank die stedelike Bantoewoonbuurtes binne, wat teen Departementele beleid is.

4. As die Departement voel dat hierdie stamme, in beginsel, aanspraak kan maak op "tuislande", dan wil ek graag aanbeveel dat al die aanspraakmakers se aansoeke gelyktydig oorweging geniet, en dat die grond wat beskikbaar gestel kan word eweredig, en behoorlik volgens plan, onder hulle verdeel word. As dit nie gedoen word nie is ek van mening dat ander soortgelyke verdienstelike aanspraakmakers oor die hoof gesien mag word.

5. Ek sou graag van die Etnoloog verneem hoeveel stamme daar in die Oranje-Vrystaat is, wat op erkenning aanspraak kan maak en wat etnies sal inpas indien grond aangrensende aan Witsieshoek beskikbaar sou wees.

6. Indien dit net die twee stamme is, naamlik die gedeelte van Batlokoa van Vrede distrik en die Makholokoe van Harrismith distrik, is dit wenslik om oorweging te skenk aan nedersettings op klein skaal op n gedeelte van die plase wat op die grens van Witsieshoekreservaat staan aangekoop te word. Hieraan moet egter slegs gedink word as daar nie ander uitkoms is nie, want die grond van die Mopeli en Batlokoa stamme is reeds baie beperk en daar word uitgesien na die moontlikheid van uitbreiding en sitgting van n landelike dorp.

(Get.) P.J. DE BEER.
HOOFBANTOESAKEKOMMISSARIS : O.V.S.

AFSKRIF/GB.

N1/27/3.

Bantoesakekommissaris,
WITSIESHOEK.
28 Februarie 1962.

VERTROULIK.

Die Hoofbantoesakekommissaris,
Privaatsak,
BLOEMFONTEIN.

MAKHOLOKOESTAM : HARRISMITH DISTRIK : U (O)N1/27/3(1) VAN 5 FEBRUARIE 1962.

1. Ek het die aangeleentheid ondersoek en na skatting is daar ongeveer 500/600 lede van die stam woonagtig in Harrismith lokasie. Die Stamhoof Letsitsa II is werksaam op die plaas van Mnr. Spies in hierdie distrik. 'n Hele aantal is woonagtig in die Witsieshoek reservaat wat onder die huidige Kapteins van Witsieshoek sorteer.

2. Die mening is dat die sterkte van die stam op ongeveer 10,000 of meer siele gestel kan word. Op plase in hierdie en omliggende distrikte van Harrismith is baie van die lede van die stam werksaam en is dit moeilik om dit te kan vasstel. Die getal sal etlike duisende wees.

3. Indien 'n stuk grond beskikbaar gestel word vir hierdie stam sal daar mynsinsiens vir ten minste 4,000/5,000 voorsiening gemaak moet word en is dit moontlik dat daar wel 'n redelike aantal vanaf die plase intrek sal neem as hul weet dat grond is nou vir hul stam beskikbaar gestel.

4. Die plase wat staan aangekoop te word is juis omdat hierdie reservaat 'n versadigingspunt bereik het sodat daar verligting gebring kan word. Dit sal ook dien om die ou grensgeskille tussen die Batlokoas en Mopelis op te los. Onder omstandighede sal dit moeilik wees om veel meer as 1,000 morge vir 'n nedersetting van die Makholokoestam vry te stel en sal dit voor lank waarskynlik ook veel te klein wees.

5. Die enigste oplossing sal wees om hul in die voorgestelde landelike dorp te vestig en dan slegs 'n beperkte aantal landelike en weidingsregte toe te ken.

(Get.) F. DU PREEZ.
BANTOESAKEKOMMISSARIS : WITSIESHOEK.

(17)N1/1/2.

Mnr. A. Swart.

89057.

HOOFBANTOESAKEKOMMISSARIS,
PRIVAATSAK,
BLOEMFONTEIN.
17 Mei 1963.

**DRINGEND.**

Die Bantoesakekommissaris,
WITSIESHOEK.

MAKHOLOSTAM, HARRISMITH : U N1/27/3.

Aangehegte afskrifte van korrespondensie in bestaande verband, word ter inligting aangestuur.

Graag ontvang ek, so gou moontlik, u kommentaar verlang onder die laaste paragraaf van die Sekretarisvan Bantoe-administrasie en -ontwikkeling se endossement van 26 Februarie 1962.

HOOFBANTOESAKEKOMMISSARIS : O.V.S.

4/10
6/6/63

Telegrafiese Adres / Telegraphic Address: „BANTU"

Posbus / P.O. Box: 384.

B.A. 284.

No. F.54/1781/3.

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA.—REPUBLIC OF SOUTH AFRICA.

DEPARTEMENT VAN BANTOE-ADMINISTRASIE EN -ONTWIKKELING,

DEPARTMENT OF BANTU ADMINISTRATION AND DEVELOPMENT,

PRETORIA.

15 MAY 1963 19

Tel. : 39711 - 13.

Die Hoofbantoesakekommissaris,
BLOEMFONTEIN.

MAKHOLOSTAM, HARRISMITH: (17)N.1/1/2 VAN 26 APRIL 1963.

Ten einde my instaat te stel om te antwoord, sal dit waardeer word as u die navraag soos vervat in my endossement van 26 Januarie 1962 sal beantwoord asseblief.

SEKRETARIS VAN BANTOE-ADMINISTRASIE EN -ONTWIKKELING.

B.A. 284.

No. F54/1781/3.

Telegrafiese Adres / Telegraphic Address „BANTU"

Posbus / P.O. Box 384.

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA.—REPUBLIC OF SOUTH AFRICA.

DEPARTEMENT VAN BANTOE-ADMINISTRASIE
EN -ONTWIKKELING,
DEPARTMENT OF BANTU ADMINISTRATION
AND DEVELOPMENT,
PRETORIA.

Tel.: 3.9711 - 13.

12. 4. 1963 19

Die Hoofbantoesakekommissaris,
BLOEMFONTEIN.

MAKHOLOKOESTAM, HARRISMITH : (17)N1/1/2
VAN 18 MAART 1963.

Dit spyt my dat u diensbrief van 18 Februarie 1963 nie in hierdie kantoor opgespoor kan word nie. Kan u my asseblief van 'n afskrif voorsien?

W. Erasmus
SEKRETARIS VAN BANTOE-ADMINISTRASIE EN -ONTWIKKELING.

Die Sekretaris van Bantoe-administrasie
en -ontwikkeling, Posbus 384, PRETORIA.

Afskrifte van verwante korrespondensie word aangeheg, soos verlang.

HOOFBANTOESAKEKOMMISSARIS : O.V.S.
(17)N1/1/2 : 26 April 1963.

AFSKRIF/GB.

(17)N1/1/2.

HOOFBANTOESAKEKOMMISSARIS,
PRIVAATSAK,
BLOEMFONTEIN.
18 Februarie 1963.

**VERTROULIK.**

Die Sekretaris van Bantoe-administrasie
en -ontwikkeling,
Posbus 384,
PRETORIA.

MAKHOLOKOESTAM : HARRISMITH DISTRIK.

Meegaande afskrif van die Bantoesakekommissaris, Witsieshoek se diensbrief Nr. N1/27/3 van 11 Februarie 1963, word aangestuur vir u inligting. 'n Afskrif van u diensbrief van 26 Januarie 1962 (geen nommer) wat betrekking het op die aangeleentheid, is ook ingesluit.

Graag verneem ek of die navraag beantwoord kan word soos meegedeel in u diensbrief Nr. 25/54 van 25 Mei 1962.

(Get.) P.J. DE BEER.
HOOFBANTOESAKEKOMMISSARIS : O.V.S.

AFSKRIF/GB.

N1/27/3.

Bantoesakekommissaris,
Witsieshoek.
11 Februarie 1963.

Die Hoofbantoesakekommissaris,
Privaatsak,
BLOEMFONTEIN.

MAKHOLOKOESTAM : HARRISMITH DISTRIK : U VERTROULIKE (O)N1/27/3(1) VAN 5 FEBRUARIE 1962.

1. Ek wens u mee te deel dat lede van die Makholokoestam my op 24.1.1963 kom spreek het en verneem hul graag wat van hul vertoë geword het.

2. Hul deel my verder mee dat hul Stamhoof ook geen verblyfplek op die oomblik het nie en dat hul hom graag gevestig wil sien.

3. Ek besef dit is 'n moeilike probleem en verneem ek graag u sienswyse in hierdie verband.

(Get.) F. DU PREEZ.
BANTOESAKEKOMMISSARIS : WITSIESHOEK.

REPUBLIEK XX        REPUBLIC XXX

(17)N1/1/2.

Mnr. A. Swart.

89057.

HOOFBANTOESAKEKOMMISSARIS,
PRIVAATSAK,
BLOEMFONTEIN.
19 April 1963.

Die Sekretaris van Bantoe-administrasie
en -ontwikkeling,
Posbus 384,
PRETORIA.

MAKHOLOKOESTAM : HARRISMITH DISTRIK : U VERWYSINGSNOMMER IS ONBEKEND.

My enersgenommerde diensbriewe van 18 Februarie 1963 en 18 Maart 1963.

Teneinde die Bantoesakekommissaris, Witsieshoek, in staat te stel om op die stam se vertoë te antwoord, sal u spoedige antwoord waardeer word.

HOOFBANTOESAKEKOMMISSARIS : O.V.S.

4/10
30/5/63

REPUBLIEK REPUBLIC
XX XXX

(17)N1/1/2.

Mnr. E.L. Pieterse.

89057.

HOOFBANTOESAKEKOMMISSARIS,
PRIVAATSAK,
BLOEMFONTEIN.
18 Maart 1963.

Die Sekretaris van Bantoe-administrasie
en -ontwikkeling,
Posbus 384,
PRETORIA.

MAKHOLOKOESTAM : HARRISMITH DISTRIK.
U leernommer is onbekend.

Met verwysing na my eendersgenommerde diensbrief van 18 Februarie 1963, verneem ek graag wanneer 'n antwoord aan hierdie kantoor verskaf kan word.

E. L. PIETERSE
HOOFBANTOESAKEKOMMISSARIS : O.V.S.

19/4/63

Telegrafiese Adres } „BANTU"
Telegraphic Address }

Posbus } 384.
P.O. Box }

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA.—REPUBLIC OF SOUTH AFRICA.

B.A. 284.

No. F54/1250.

DEPARTEMENT VAN BANTOE-ADMINISTRASIE EN -ONTWIKKELING,
DEPARTMENT OF BANTU ADMINISTRATION AND DEVELOPMENT,
PRETORIA.

8. 3. 1963 19

HOOFBANTOESAKEKOMMISSARIS, O.V.S.
PRIVAATSAK/PRIVATE BAG
12 -3- 1963
BLOEMFONTEIN
CHIEF BANTU AFFAIRS COMMISSIONER, O.F.S.

Die Hoofbantoesakekommissaris,
BLOEMFONTEIN.

VERSOEK OM AANGESTEL TE WORD AS KAPTEIN VAN DIE SWAZI'S IN DIE VRYSTAAT.

Ek stuur hierby vir u afskrifte van 'n aansoek gerig aan Sy Edele die Eerste Minister in verband met die kapteinskap van die Swazis in die Vrystaat, tesame met 'n antwoord wat in die verband verstrek is, vir u inligting.

SEKRETARIS VAN BANTOE-ADMINISTRASIE EN -ONTWIKKELING.

Harrismith

Aangestuur
Forwarded vir u inligting.

S. J. de Beer
Hoofbantoesakekommissaris, O.V.S.,
Chief Bantu Affairs Commissioner, O.F.S.,
Bloemfontein.

Leer/File (17) N.1/1/2.

Datum/Date 1963

1/2/1/1.
F.54/1280.

50 MARKS BUILDING,
CAPE TOWN.

Mna. Josias Ernest Nko Hlubi,
2313 Orlando East,
Jololse Street,
JOHANNESBURG.

21. 2. 1963

Greetings,

APPLICATION TO BE APPOINTED CHIEF OF THE SWAZI TRIBE IN THE ORANGE FREE STATE.

With further reference to your letter dated 6 December 1962, addressed to the Honourable the Prime Minister and referred to this Ministry for attention, I have been directed by the Honourable the Minister to inform you that it is not the policy of the Government to appoint or recognise persons as chiefs unless they and their following are permanently domiciled in a Bantu area.

As you and the people over whom you wish to be appointed as chief are apparently living outside a Bantu area your request cannot be acceded to.

With greetings,

P. N. HANSMEYER.

PRIVATE SECRETARY.

I.22/2.

PRETORIA,
10th December, 1962.

Mna. Josias Ernest Nko Hlubi,
2313 Orlando East,
Jololse Street,
JOHANNESBURG.

Greetings,

On behalf of the Honourable the Prime Minister I wish to acknowledge the receipt of your letter dated December 6, 1962, and to inform you that your representations have been referred to the Honourable M.D.C. de Wet Nel, Minister of Bantu Administration and Development, from whose Office a further communication may be expected.

With greetings,

(Sgd.) J. FRED BARNARD.
PRIVATE SECRETARY.

The Private Secretary to the Honourable the Minister of Bantu Administration and Development,
PRETORIA.

Forwarded by direction for disposal please.

(Sgd.) J. FRED BARNARD.
PRIVATE SECRETARY.

COPY/AH.

No. 2313 Orlando East,
Jololse Street,
JOHANNESBURG,
6th December 1962.

The South African,
Prime Minister of
South African
Republick.

Dear Sir/Medam,

I am asking for help from the Minister. To be reckognised as a chief of the Free state Swazis. At Molen. District of the towns called Harrismith, Warden, Melanieskop. Under your knew Tomilson report (Bantu stan). As a royal blood. I think I am known and honoured like a chief from childhood.

My Grandpa's name was Andries Hlubi. Who died a few years back. At stand 64 Kestell Location. Who was, from the above mention towns. (Molen district).

Originaly we are the descendants of Swazis, from the place called Hlatikulu, there being called Dlaminis.

We are also somewhat related to the Tshabalala's under chief Nomahaladla. With a tribe called (abaka simahla) Tshabalala's. He was succeeded by his son Pupulu Tshabalala who also died during the second world war. That is midle forties. At a town called Warden or district.

I beg to be offered this opportunity. As it might be good in settle, procken families and rectifying mistakes. For the two tribes, who's life is endagered at the moment needs care.

I hope my application will be sympathetically accepted.

Your obedient Servant,

(Sgd.) JOSIAS ERNEST NKO HLUBI.

COPY/AH.

REPUBLIEK REPUBLIC

XX XXX

(17)N1/1/2.

89057.

HOOFBANTOESAKEKOMMISSARIS,
PRIVAATSAK,
BLOEMFONTEIN.
18 Februarie 1963.

**VERTROULIK.**

Die Sekretaris van Bantoe-administrasie
en -ontwikkeling,
Posbus 384,
PRETORIA.

MAKHOLOKOESTAM : HARRISMITH DISTRIK.

Meegaande afskrif van die Bantoesakekommissaris, Witsieshoek se diensbrief Nr. N1/27/3 van 11 Februarie 1963, word aangestuur vir u inligting. 'n Afskrif van u diensbrief van 26 Januarie 1962 (geen nommer) wat betrekking het op die aangeleentheid, is ook ingesluit.

Graag verneem ek of die navraag beantwoord kan word soos meegedeel in u diensbrief Nr. 25/54 van 25 Mei 1962.

P. J. de Boer

HOOFBANTOESAKEKOMMISSARIS : O.V.S.

HO. 18/3/63

81/172589
(Z.14.)

Republiek. ~~UNIE~~ VAN SUID-AFRIKA — Republic. ~~UNION~~ OF SOUTH AFRICA

Verw. Nr./Ref. No. N1/27/3.

KANTOOR VAN DIE—OFFICE OF THE

Bantoesakekommissaris,
Witsieshoek,
11 Februarie 1963.

NAVRAE/ENQUIRIES:

Tel. No.

HOOFBANTOESAKEKOMMISSARIS
PRIVAATSAK/PRIVATE BAG
14 -2- 1963
BLOEMFONTEIN
CHIEF BANTU AFFAIRS COMMISSIONER, O.F.S.

Die Hoofbantoesakekommissaris,
Privaatsak,
BLOEMFONTEIN.

MAKHOLOKOESTAM : HARRSMITH DISTRIK.
U VERTROULIKE (O)N1/27/3(1) VAN 5 FEBRUARIE 1962.

1. Ek wens u mee te deel dat lede van die Makholokoestam my op 24.1.1963 kom spreek het en verneem hul graag wat van hul vertoë geword het.

2. Hul deel my verder mee dat hul Stamhoof ook geen verblyfplek op die oomblik het nie en dat hul hom graag gevestig wil sien.

3. Ek besef dit is 'n moeilike probleem en verneem ek graag u sienswyse in hierdie verband.

BANTOESAKEKOMMISSARIS: WITSIESHOEK.

AFSKRIF/GB.

Sekretaris van Bantoe-administrasie
en -ontwikkeling,

Marksgebou,

KAAPSTAD.

26 Januarie 1962.

Die Bantoesakekommissaris,
HARRISMITH, O.V.S.

Na aanleiding van u diensbrief N1/26/2 van 22 Desember 1962 met bylae, aan Sy Edele die Kommissaris-generaal vir die Suid-Sotho Volkseenheid, moet ek u meedeel dat die stukke na my gestuur is vir aandag.

Sal u asseblief vir raadslid Moloi sê dat die saak nou onder aandag van die regering gekom het en dat daar op sy versoek ingegaan word. Geen versekering kan natuurlik gegee word dat daar aan sy versoek om 'n stuk grond vir hom en sy mense te bekom, welke versoek hy ook mondelings aan die Kommissaris-generaal gerig het, voldoen sal word nie.

Hy moet maar net wag totdat daar dieper op die saak ingegaan is.

(Get.) T.F. COERTZE.
n. SEKRETARIS VAN BANTOE-ADMINISTRASIE
EN -ONTWIKKELING.

Die Hoofbantoesakekommissaris,
BLOEMFONTEIN.

Vir u inligting. Die oorspronklike stukke wat deur die Kommissaris-generaal by my gelaat is word hierby aangeheg. Sal u asseblief afskrifte daarvan laat maak en saam met u kommentaar oor die versoeke van Moloi, aan my Pretoria kantoor stuur. Die oorspronklike stukke moet dan aan die Kommissaris-generaal deur u terugbesorg word, asseblief.

U word gevra om kommentaar te lewer veral oor die aspek of 'n gedeelte van die ses plase wat op die grens van die Witsieshoekreservaat staan aangekoop te word, nie vir die nedersetting op kleinskaal, van hierdie mense gebruik moet word nie. Het u enige idee hoeveel daar van hulle is en hoe die arbeidsposisie op plase affekteer sal word, gestel daar word aan hulle versoek voldoen? Die saak moet asseblief as vertroulik beskou word.

(get.) T.F. COERTZE.
n. SEKRETARIS VAN BANTOE-ADMINISTRASIE
EN -ONTWIKKELING.

(17)N1/1/2.

HOOFBANTOESAKEKOMMISSARIS,
PRIVAATSAK,
BLOEMFONTEIN.
19 November 1962.

Mnre. Cloete en Neveling,
Posbus 69,
HARRISMITH.

Geagte meneer,

INSAKE : MAKHOLOKO STAM : HARRISMITH.

1. Sy Edele die Kommissaris-generaal het 'n afskrif van u brief van 23 Oktober 1962 na my verwys vir aandag.

2. Die erkening van kapteinskappe in die distrik van Harrismith het reeds die aandag van die Departement geniet en daar is besluit om die erkening van kapteins in Blanke gebiede agterweë te hou en om die aangeleentheid as gesluit te beskou. Onder die omstandighede sal dit geen doel dien om die huidige aansoek na die Departement te verwys nie. Ek mag meld dat ek geen kennis dra van die bewering dat die Departement te kenne gegee het dat hy beried is om Bantoeman "Letsetsa II" te erken as stamhoof nie.

3. 'n Afskrif hiervan word gestuur aan die Bantoesakekommissaris te Harrismith, met wie Mna. Letsetsa die aangeleentheid behoort te gaan bespreek.

Die uwe,

P. J. de Beer

HOOFBANTOESAKEKOMMISSARIS : C.V.S.

Die Bantoesakekommissaris,
HARRISMITH.

Aangestuur vir u inligting. Sien ook my diensbrief nr. (17)N1/1/2 van 12 Junie 1962 in die verband.

U lêer is N1/26/2.

P. J. de Beer

HOOFBANTOESAKEKOMMISSARIS : O V.S.

REPUBLIEK XX | REPUBLIC XX

(17)N1/1/2.

Mnr. P.J. de Beer .
89057.

HOOFBANTOESAKEKOMMISSARIS,
PRIVAATSAK,
BLOEMFONTEIN.
19 November 1962.

Die Sekretaris van Bantoe-administrasie
en -ontwikkeling,
Posbus 384,
PRETORIA.

INSAKE : MAKHOLOKOE STAM : HARRISMITH.

Meegaande afskrif van my diensbrief Nr. (17)N1/1/2 van 17 deser aan Mnre. Cloete en Neveling, Prokureurs van Harrismith, word aangestuur vir u inligting.

U diensbrief nr. 25/54 van 25 Mei 1962 het betrekking op die aangeleentheid.

P. J. de Beer

HOOFBANTOESAKEKOMMISSARIS : O.V.S.

Die Persoonlike Klerk,
Kantooe van die Kommissaris-generaal,
FICKSBURG.

Afskrifte vir die inligting van Sy Edele die Kommissaris-generaal na aanleiding van u diensbrief nr. N1/26/2 van 29 Oktober 1962 wat my kantoor bereik het op 13 November 1962.

P. J. de Beer

HOOFBANTOESAKEKOMMISSARIS : O.V.S.

Republiek. Republic.

XXX XXX

N1/26/2.

KOMMISSARIS-GENERAAL,

FICKSBURG.

29 Oktober 1962.

Mnre. Cloete en Neveling,
Posbus 69,
HARRISMITH.

Meneer,

**INSAKE: MAKHOLOKOE STAM: HARRISMITH.**

In opdrag van Sy Edele die Kommissaris-generaal erken ek hiermee met dank ontvangs van u brief gedateer 23 Oktober 1962.

'n Afskrif van u brief word na die kantoor van die Hoofbantoesakekommissaris, Bloemfontein, verwys. Genoemde kantoor sal eersdaags met u in verbinding tree.

Die uwe.

PERSOONLIKE KLERK.

13-11-1962
BLOEMFONTEIN

Die Hoofbantoesakekommissaris,
BLOEMFONTEIN.

In opdrag heg ek hieraan vir u inligting 'n afskrif van 'n brief gedateer 23 Oktober 1962 ontvang van Cloete en Neveling, Posbus 69, Harrismith.

PERSOONLIKE KLERK.

AFSKRIF.

Cloete en Neveling,
Telefoon 35 BCN/SE. Posbus 69,

Stuartstraat 49 B,

HARRISMITH.

23 Oktober 1962.

Die Kommissaris-generaal,
Mnr.S.Papenfus,
P.K.FICKSBURG.

Waarde heer,

i/s: MAKHOLOKOE STAM: SUID-SOTHO.

Bogenoemde stam beweer dat die Departement te kenne gegee het dat hulle bereid sal wees om hulle Stamhoof te registreer en hulle wil graag aansoek doen om dit te doen. Die Stamhoof is Letsetsa II.

Ons sal dit waardeer indien u vir ons die nodige vorms sal stuur indien daar so iets voorskryf is, maar indien hierdie brief voldoende is, sal u dit dan asseblief as 'n aansoek om registrasie beskou. Die Stamhoof se teenswoordige adres is Werda, distrik Harrismith.

Hoogagtend,

CLOETE EN NEVELING.

(Get).?

REPUBLIEK XX　　REPUBLIC XX

(17)N1/1/2.

Mnr. P.J. de Beer.

89057.

HOOFBANTOESAKEKOMMISSARIS,
PRIVAATSAK,
BLOEMFONTEIN.
12 Junie 1962.

Die Bantoesakekommissaris,
HARRISMITH.

KAPTEINSKAP VAN BATLOKOASTAM IN DIE DISTRIK VREDE : MAREKO TSIBELO MOTLOKOA.

U lêer is Nr. N1/26/2.

Die korrespondensie wat u aan Sy Edele die Kommissaris-generaal gestuur het op 23 Januarie 1962, aangaande die "kapteinskap" van Mna. Mareko Tsibelo Motlokoa, was na die Sekretaris van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling verwys en ek stuur nou vir u inligting 'n afskrif aan van die antwoord wat ontvang is.

'n Afskrif van my diensbrief Nr. (17)N1/1/2 van 21 Maart, waarna verwys word, is hier aangeheg.

HOOFBANTOESAKEKOMMISSARIS : O.V.S.

Afskrif van (17)N.1/1/2

REPUBLIEK  
XX

REPUBLIC  
XXX

(54)N1/1/2.

Mnr. P.J. de Beer.

89057.

HOOFBANTOESAKEKOMMISSARIS,  
PRIVAATSAK,  
BLOEMFONTEIN.  
5 Junie 1962.

Die Persoonlike Klerk,  
Kantoor van die Kommis-  
saris-generaal,  
FICKSBURG.

KAPTEINSKAP VAN BATLOKOASTAM IN DIE DISTRIK VREDE : MAREKO TSIBELO MOTLOKOA.

Na aanleiding van my diensbrief Nr. (54)N1/1/2 van 16 Januarie 1962, sluit ek hierby 'n afskrif in van die Sekretaris van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling se diensbrief Nr. 25/54 van 25 April 1962, in verband met die aansoek van bogenoemde om erkenning as kaptein in Vrede distrik.

Die Departementele diensbrief van 29 September 1961 waarna verwys word, lees soos volg:

"Daar is besluit om die kwessie van die erkenning van kapteins in blanke gebiede agterweë te hou en u kan hierdie aangeleentheid dus voorlopig as gesluit beskou."

P. J. de Beer

HOOFBANTOESAKEKOMMISSARIS : O.V.S.

b

B.A. 284.

No. 25/54

afiese Adres
aphic Address } „BANTU"

s
lox } 384.

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA.—REPUBLIC OF SOUTH AFRICA.

**DEPARTEMENT VAN BANTOE-ADMINISTRASIE EN -ONTWIKKELING,**
**DEPARTMENT OF BANTU ADMINISTRATION AND DEVELOPMENT,**
**PRETORIA.**

12 5. 5. 1962 19

Navrae: Mnr. de la Harpe.
Tel. : 3.9711 - 13.

Die Hoofbantoesakekommissaris,
BLOEMFONTEIN.

KAPTEINSKAP VAN BATLOKOASTAM IN DIE DISTRIK VREDE: MAREKO TSIBELO MOTLOKOA: U NO. (17)N1/1/2 VAN 21 MAART 1962.

Die Departement gaan akkoord met die aanbeveling vervat in paragraaf (3) van u bogenoemde diensbrief. Wat egter die laaste sin daarvan betref wil ek u net daarop wys dat die Departement op hierdie stadium nie van voorneme is om aandag aan hierdie kwessie te skenk nie. Ek wil dus herhaal (sien my diensbrief van 29.9.61 op u lêer No.(54) N1/1/2) dat u hierdie aangeleentheid as gesluit kan beskou.

SEKRETARIS VAN BANTOE-ADMINISTRASIE EN -ONTWIKKELING.

REPUBLIEK XX    REPUBLIC XX

(54)N1/1/2. (afskrif van Harrismith lêer)

Mnr. P.J. de Beer.
89057.

HOOFBANTOESAKEKOMMISSARIS,
PRIVAATSAK,
BLOEMFONTEIN.
16 Januarie 1962.

Die Persoonlike Klerk,
Kantoor van die Kommissaris-generaal,
FICKSBURG.

Geagte Meneer,

KAPTEINSKAP VAN BANTOESTAMME BUITE BANTOEGEBIEDE.

U sal onthou dat tydens die besoek van Sy Edele die Kommissaris-generaal van die Suid-Sotho Volkseenheid aan Harrismith, die wens uitgespreek was dat die Regering sekere kapteinskappe in daardie distrik moet erken. Die gedagte was toe uitgespreek dat hierdie aangeleentheid verder ondersoek sou word sodat vertoë gerig kon word aan die Departement.

Daar bestaan 'n soortgelyke geval in die distrik van Vrede waarmee hierdie kantoor gehandel het, en omdat die Sekretaris van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling opdrag gegee het dat die kwessie van erkenning van kapteins in blanke gebiede agterweë gehou moet word, het hierdie kantoor nie verder aandag aan die versoek geskenk nie.

Ek sluit afskrifte in van ~~twee~~ drie briewe wat daaroor handel.

Die "kapteinskap" van die Bantoes wat in Harrismith distrik woon is soortgelyk en moet volgens my mening dus ook agterweë gehou word.

Graag verneem ek of Sy Edele Mnr. Papenfus akkoord gaan met die sienswyse.

Die uwe,

REPUBLIEK
XX

REPUBLIC
XXX

(17)N1/1/2.
(54)N1/1/2.
(0)N1/27/3(1).

Mnr. P.J. de Beer.
89057.

HOOFBANTOESAKEKOMMISSARIS,
PRIVAATSAK,
BLOEMFONTEIN.
21 Maart 1962.

Die Sekretaris van Bantoe-administrasie
en -ontwikkeling,
Posbus 384,
PRETORIA.

KAPTEINSKAP VAN BATLOKOASTAM IN DISTRIK VAN VREDE : MAREKO TSIBELO MOTLOKOA : U DIENSBRIEF NR. 25/54 VAN 29 SEPTEMBER 1961.

1. Meegaande afskrif van die Bantoesakekommissaris, Harrismith, se diensbrief Nr. N1/26/2 van 23 Januarie 1962, was aan my besorg deur Sy Edele die Kommissaris-generaal van die Suid-Sotho Volkseenheid en word aan u gestuur ter inligting.

2. My diensbrief Nr. (0)N1/27/3(1) van 12 Maart 1962 in verband met "Kapteinskappe" in die Oranje-Vrystaat, het ook betrekking op hierdie aansoek. Daar is nou twee aansoeke om die Kapteinskap van die Batlokoastam in die distrik van Vrede, naamlik (1) Petrus R. Tsotsetsi en (2) Mareko Tsibelo Motlokoa. Daar is nog ander wat sit en kyk wat gaan gebeur voordat hulle hul aansoeke gaan indien.

3. Ek beveel aan dat aan die Landdros geskryf word dat besluit is om die kwessie van die erkenning van kapteins in blanke gebiede agterweë te hou, soos deur u meegedeel in u diensbrief Nr. 25/54 van 29 September 1961. Intussen kan die Etnoloog op die saak ingaan en die Departement kan dan besluit watter kapteins, indien enige, wel erkenning kan geniet. 1.x.

P. J. de Beer

HOOFBANTOESAKEKOMMISSARIS : O.V.S.

~~H.O. 25/4/62.~~
H.O. 25/6/62.

I.22/2.

PRETORIA,
10th December, 1962.

Mna. Josias Ernest Nko Hlubi,
2313 Orlando East,
Jololse Street,
JOHANNESBURG.

Greetings,

On behalf of the Honourable the Prime Minister I wish to acknowledge the receipt of your letter dated December 6, 1962, and to inform you that your representations have been referred to the Honourable M.D.C. de Wet Nel, Minister of Bantu Administration and Development, from whose Office a further communication may be expected.

With greetings,

(Sgd.) J. FRED BARNARD.
PRIVATE SECRETARY.

The Private Secretary to the Honourable the Minister of Bantu Administration and Development,
PRETORIA.

Forwarded by direction for disposal please.

(Sgd.) J. FRED BARNARD.
PRIVATE SECRETARY.

COPY/AH.

No. 2313 Orlando East,
Jololse Street,
JOHANNESBURG,
6th December 1962.

The South African,
Prime Minister of
South African
Republick.

Dear Sir/Medam,

I am asking for help from the Minister. To be reckognised as a chief of the Free state Swazis. At Molen. District of the towns called Harrismith, Warden, Melanieskop. Under your knew Tomilson report (Bantu stan). As a royal blood. I think I am known and honoured like a chief from childhood.

My Grandpa's name was Andries Hlubi. Who died a few years back. At stand 64 Kestell Location. Who was, from the above mention towns. (Molen district).

Originaly we are the descendants of Swazis, from the place called Hlatikulu, there being called Dlaminis.

We are also somewhat related to the Tshabalala's under chief Nomahaladla. With a tribe called (abaka simahla) Tshabalala's. He was succeeded by his son Pupulu Tshabalala who also died during the second world war. That is midle forties. At a town called Warden or district.

I beg to be offered this opportunity. As it might be good in settle, procken families and rectifying mistakes. For the two tribes, who's life is endagered at the moment needs care.

I hope my application will be sympathetically accepted.

Your obedient Servant,

(Sgd.) JOSIAS ERNEST NKO HLUBI.

COPY/AH.

REPUBLIEK REPUBLIC

XX XXX

(17)N1/1/2.

89057.

HOOFBANTOESAKEKOMMISSARIS,
PRIVAATSAK,
BLOEMFONTEIN.
18 Februarie 1963.

VERTROULIK.

Die Sekretaris van Bantoe-administrasie
en -ontwikkeling,
Posbus 384,
PRETORIA.

MAKHOLOKOESTAM : HARRISMITH DISTRIK.

Meegaande afskrif van die Bantoesakekommissaris, Witsieshoek se diensbrief Nr. N1/27/3 van 11 Februarie 1963, word aangestuur vir u inligting. 'n Afskrif van u diensbrief van 26 Januarie 1962 (geen nommer) wat betrekking het op die aangeleentheid, is ook ingesluit.

Graag verneem ek of die navraag beantwoord kan word soos meegedeel in u diensbrief Nr. 25/54 van 25 Mei 1962.

P. J. de Boo

HOOFBANTOESAKEKOMMISSARIS : O.V.S.

HO. 18/3/63

31/172589
(Z. 14.)

Republiek. ~~Unie~~ van Suid-Afrika | Republic. ~~Union~~ of South Africa

Verw. Nr./Ref. No. N1/27/3.

NAVRAE/ENQUIRIES :

Tel. No.

KANTOOR VAN DIE—OFFICE OF THE

Bantoesakekommissaris,
Witsieshoek,
11 Februarie 1963.

14 -2- 1963
BLOEMFONTEIN
CHIEF BANTU AFFAIRS COMMISSIONER, O.F.S.

Die Hoofbantoesakekommissaris,
Privaatsak,
**BLOEMFONTEIN**.

MAKHOLOKOESTAM : HARRSMITH DISTRIK.
U VERTROULIKE (O)N1/27/3(1) VAN 5 FEBRUARIE 1962.

1. Ek wens u mee te deel dat lede van die Makholokoestam my op 24.1.1963 kom spreek het en verneem hul graag wat van hul vertoë geword het.

2. Hul deel my verder mee dat hul Stamhoof ook geen verblyfplek op die oomblik het nie en dat hul hom graag gevestig wil sien.

3. Ek besef dit is 'n moeilike probleem en verneem ek graag u sienswyse in hierdie verband.

BANTOESAKEKOMMISSARIS: WITSIESHOEK.

AFSKRIF/GB.

Sekretaris van Bantoe-administrasie
en -ontwikkeling,

Marksgebou,

KAAPSTAD.

26 Januarie 1962.

Die Bantoesakekommissaris,
HARRISMITH, O.V.S.

Na aanleiding van u diensbrief N1/26/2 van 22 Desember 1962 met bylae, aan Sy Edele die Kommissaris-generaal vir die Suid-Sotho Volkseenheid, moet ek u meedeel dat die stukke na my gestuur is vir aandag.

Sal u asseblief vir raadslid Moloi sê dat die saak nou onder aandag van die regering gekom het en dat daar op sy versoek ingegaan word. Geen versekering kan natuurlik gegee word dat daar aan sy versoek om 'n stuk grond vir hom en sy mense te bekom, welke versoek hy ook mondelings aan die Kommissaris-generaal gerig het, voldoen sal word nie.

Hy moet maar net wag totdat daar dieper op die saak ingegaan is.

(Get.) T.F. COERTZE.
n. SEKRETARIS VAN BANTOE-ADMINISTRASIE
EN -ONTWIKKELING.

Die Hoofbantoesakekommissaris,
BLOEMFONTEIN.

Vir u inligting. Die oorspronklike stukke wat deur die Kommissaris-generaal by my gelaat is word hierby aangeheg. Sal u asseblief afskrifte daarvan laat maak en saam met u kommentaar oor die versoeke van Moloi, aan my Pretoria kantoor stuur. Die oorspronklike stukke moet dan aan die Kommissaris-generaal deur u terugbesorg word, asseblief.

U word gevra om kommentaar te lewer veral oor die aspek of 'n gedeelte van die ses plase wat op die grens van die Witsieshoekreservaat staan aangekoop te word, nie vir die nedersetting op kleinskaal, van hierdie mense gebruik moet word nie. Het u enige idee hoeveel daar van hulle is en hoe die arbeidsposisie op plase affekteer sal word, gestel daar word aan hulle versoek voldoen? Die saak moet asseblief as vertroulik beskou word.

(get.) T.F. COERTZE.
n. SEKRETARIS VAN BANTOE-ADMINISTRASIE
EN -ONTWIKKELING.

(17)N1/1/2.

HOOFBANTOESAKEKOMMISSARIS,
PRIVAATSAK,
BLOEMFONTEIN.
19 November 1962.

Mnre. Cloete en Neveling,
Posbus 69,
HARRISMITH.

Geagte meneer,

INSAKE : MAKHOLOKOE STAM : HARRISMITH.

1. Sy Edele die Kommissaris-generaal het 'n afskrif van u brief van 23 Oktober 1962 na my verwys vir aandag.

2. Die erkening van kapteinskappe in die distrik van Harrismith het reeds die aandag van die Departement geniet en daar is besluit om die erkening van kapteins in Blanke gebiede agterweë te hou en om die aangeleentheid as gesluit te beskou. Onder die omstandighede sal dit geen doel dien om die huidige aansoek na die Departement te verwys nie. Ek mag meld dat ek geen kennis dra van die bewering dat die Departement te kenne gegee het dat hy beried is om Bantoeman "Letsetsa II" te erken as stamhoof nie.

3. 'n Afskrif hiervan word gestuur aan die Bantoesakekommissaris te Harrismith, met wie Mna. Letsetsa die aangeleentheid behoort te gaan bespreek.

Die uwe,

P. J. de Beer

HOOFBANTOESAKEKOMMISSARIS : O.V.S.

Die Bantoesakekommissaris,
HARRISMITH.

Aangestuur vir u inligting. Sien ook my diensbrief nr. (17)N1/1/2 van 12 Junie 1962 in die verband.

U lêer is N1/26/2.

P. J. de Beer

HOOFBANTOESAKEKOMMISSARIS : O V.S.

REPUBLIEK XX | REPUBLIC XX

(17)N1/1/2.

Mnr. P.J. de Beer .
89057.

HOOFBANTOESAKEKOMMISSARIS,
PRIVAATSAK,
BLOEMFONTEIN.
19 November 1962.

Die Sekretaris van Bantoe-administrasie
en -ontwikkeling,
Posbus 384,
PRETORIA.

INSAKE : MAKHOLOKOE STAM : HARRISMITH.

Meegaande afskrif van my diensbrief nr. (17)N1/1/2 van 17 deser aan Mnre. Cloete en Neveling, Prokureurs van Harrismith, word aangestuur vir u inligting.

U diensbrief nr. 25/54 van 25 Mei 1962 het betrekking op die aangeleentheid.

P. J. de Beer

HOOFBANTOESAKEKOMMISSARIS : O.V.S.

Die Persoonlike Klerk,
Kantoor van die Kommissaris-generaal,
FICKSBURG.

Afskrifte vir die inligting van Sy Edele die Kommissaris-generaal na aanleiding van u diensbrief nr. N1/26/2 van 29 Oktober 1962 wat my kantoor bereik het op 13 November 1962.

P. J. de Beer

HOOFBANTOESAKEKOMMISSARIS : O.V.S.

Republiek. Republic.

xxx xxx

N1/26/2.

KOMMISSARIS-GENERAAL,
FICKSBURG.
29 Oktober 1962.

Mnre. Cloete en Neveling,
Posbus 69,
HARRISMITH.

Meneer,

**INSAKE: MAKHOLOKOE STAM: HARRISMITH.**

In opdrag van Sy Edele die Kommissaris-generaal erken ek hiermee met dank ontvangs van u brief gedateer 23 Oktober 1962.

'n Afskrif van u brief word na die kantoor van die Hoofbantoesakekommissaris, Bloemfontein, verwys. Genoemde kantoor sal eersdaags met u in verbinding tree.

PERSOONLIKE KLERK.

Die Hoofbantoesakekommissaris,
BLOEMFONTEIN.

In opdrag heg ek hieraan vir u inligting 'n afskrif van 'n brief gedateer 23 Oktober 1962 ontvang van Cloete en Neveling, Posbus 69, Harrismith.

PERSOONLIKE KLERK.

**AFSKRIF.**

Cloete en Neveling,
Telefoon 35

BCN/SE.

Posbus 69,
Stuartstraat 49 B,
HARRISMITH.
23 Oktober 1962.

Die Kommissaris-generaal,
Mnr. S. Papenfus,
P.K. FICKSBURG.

Waarde heer,

i/s: MAKHOLOKOE STAM: SUID-SOTHO.

Bogenoemde stam beweer dat die Departement te kenne gegee het dat hulle bereid sal wees om hulle Stamhoof te registreer en hulle wil graag aansoek doen om dit te doen. Die Stamhoof is Letsetsa II.

Ons sal dit waardeer indien u vir ons die nodige vorms sal stuur indien daar so iets voorskryf is, maar indien hierdie brief voldoende is, sal u dit dan asseblief as 'n aansoek om registrasie beskou. Die Stamhoof se teenswoordige adres is Werda, distrik Harrismith.

Hoogagtend,

CLOETE EN NEVELING.

(Get).?

REPUBLIEK REPUBLIC
XX XX

(17)N1/1/2.

Mnr. P.J. de Beer.

89057.

HOOFBANTOESAKEKOMMISSARIS,
PRIVAATSAK,
BLOEMFONTEIN.
12 Junie 1962.

Die Bantoesakekommissaris,
HARRISMITH.

KAPTEINSKAP VAN BATLOKOASTAM IN DIE DISTRIK VREDE : MAREKO TSIBELO MOTLOKOA.

U lêer is Nr. N1/26/2.

Die korrespondensie wat u aan Sy Edele die Kommissaris-generaal gestuur het op 23 Januarie 1962, aangaande die "kapteinskap" van Mna. Mareko Tsibelo Motlokoa, was na die Sekretaris van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling verwys en ek stuur nou vir u inligting 'n afskrif aan van die antwoord wat ontvang is.

'n Afskrif van my diensbrief Nr. (17)N1/1/2 van 21 Maart, waarna verwys word, is hier aangeheg.

HOOFBANTOESAKEKOMMISSARIS : O.V.S.

REPUBLIEK
XX
Sien ook Lêer nr. 2
(0)N1/27/3(1).

REPUBLIC
XX

89057.

HOOFBANTOESAKEKOMMISSARIS,
PRIVAATSAK,
BLOEMFONTEIN.
12 Maart 1962.

Letsitsa II
Makholokoestam
Harrismith Distrik.

**VERTROULIK.**

Die Sekretaris van Bantoe-administrasie
en -ontwikkeling,
Posbus 384,
PRETORIA.

MAKHOLOKOESTAM : HARRISMITH DISTRIK.

1. Na aanleiding van u diensbrief (Kaapstad) van 26 Januarie 1962, (afskrif aangeheg) stuur ek nou 'n afskrif aan van die Bantoesakekommissaris, Witsieshoek, se diensbrief Nr. N1/27/3 van 28 Februarie 1962.

2. Indien grond beskikbaar gestel sou word vir hierdie stam, is dit sonder twyfel dat ander soortgelyke aansoeke ingedien gaan word deur ander Bantoestamme in die Oranje-Vrystaat. In die verband verwys ek u na my diensbrief Nr. (54)N1/1/2 van 22 September 1961 en u antwoord Nr. 25/54 van 29 September 1961.

3. Daar is duisende Suid-Sotho sprekende Bantoes oor die Vrystaat versprei wat van tyd tot tyd boereplase (of stede) moet verlaat omdat hulle te oud geword het om langer te werk en 'n landelikedorp, of ander grond by Witsieshoek, waar sulke mense geplaas kan word is dus dringend noodsaaklik. Op die oomblik stroom hulle teen wil en dank die stedelike Bantoewoonbuurt binne, wat teen Departementele beleid is.

4. As die Departement voel dat hierdie stamme, in beginsel, aanspraak kan maak op "tuislande", dan wil ek graag aanbeveel dat al die aanspraakmakers se aansoeke gelyktydig oorweging geniet, en dat die grond wat beskikbaar gestel kan word eweredig, en behoorlik volgens plan, onder hulle verdeel word. As dit nie gedoen word nie is ek van mening dat ander soortgelyke verdienstelike aanspraakmakers oor die hoof gesien mag word.

5. Ek sou graag van die Etnoloog verneem hoeveel stamme daar in die Oranje-Vrystaat is, wat op erkenning aanspraak kan maak en wat etnies sal inpas indien grond aangrensend aan Witsieshoek beskikbaar sou wees.

6. Indien dit net die twee stamme is, naamlik die gedeelte van Batlokoa van Vrede distrik en die Makholokoe van Harrismith distrik, is dit wenslik om oorweging te skenk aan nedersettings op klein skaal op 'n gedeelte van die plase wat op die grens van Witsieshoekreservaat staan, aangekoop te word. Hieraan moet egter slegs gedink word as daar nie ander uitkoms is nie, want die grond van die

2/..

Mopeli en Batlokoa stamme is reeds baie beperk en daar word uitgesien na die moontlikheid van uitbreiding en stigting van 'n landelike dorp.

P. J. de Beer

HOOFBANTOESAKEKOMMISSARIS : O.V.S.

(18)2/1/2.

924,

POTCHEFSTROOM.

10 Aug. 55.

Die Magistraat,
HARRISMITH.

AANSOEK OM AANSTELLING AS KAPTEIN OF "INDUNA":
IZAK MOLOI.

Na aanleiding van u diensbrief Nr. N.1/1/2 van 30 Julie 1955, wens ek u meedte deel dat ek dit met u eens is dat geen gronde vir Moloi se aanstelling as Kaptein bestaan nie en dat hierdie kantoor nie bereid is om sy aanstelling as sulks te oorweeg nie. Daar is natuurlik geen voorsiening vir die aanstelling van Indunas nie.

U waarskuwing aan Moloi dat hy die verhoor van sake moet staak word deur my ondersteun.

Geliewe die betrokke partye dienooreenkomstig te verwittig.

C. G. BUXTON

Waarn.HOOFNATURELLEKOMMISSARIS.
WESTELIKE GEBIEDE.

See also file (18) 7/14(2)

Mrs L

Skryf aan N.K. en sê dat ek dit met hom eens is dat geen gronde vir Moloi se aanstelling as Kaptein bestaan nie en dat hierdie kantoor nie bereid is om sy aanstelling as sulks te oorweeg nie. Daar is natuurlik geen voorsiening vir die aanstelling van Indunas nie.

Sy waarskuwing aan Moloi dat hy die verloop van sake moet slaan word deur my ondersteun.

Vra dat hy die betrokke partye dienooreenkomstig moet verwittig.

Z. 14 A.

UNION OF SOUTH AFRICA. UNIE VAN SUID-AFRIKA.

HOOF... CHIEF NATIVE COMMISSIONER
- 8 -8- 1955
POTCHEFSTROOM

In reply please quote
Verwys in u antwoord asb. na
No. XX/X N1/1/2.

Office of the
Kantoor van die MAGISTRAAT
HARRISMITH

3 Augustus 1955.

Die Hoof-Naturellekommissaris,
POTCHEFSTROOM.

AANSOEK AANSTELLING AS KAPTEIN OF
"INDUNA" IZAK MOLOI.

Met verwysing na die eerste paragraaf van my enersgenommerde diensbrief van 30 Julie 1955, heg ek hierby aan die briewe daarin vermeld.

MAGISTRAAT.

RN.

**M. MEINTJES**
(MATIAM MEINTJES)

| | |
|---|---|
| IOKUREUR ENS. L. ASSURANSIE EN MENE AGENT. | ATTORNEY-AT-LAW, ETC, ESTATE, ASSURANCE AND GENERAL AGENT. |

P.K. BUS / P.O. BOX 8  FOON / PHONE 8  TEL. AD.: "PROKUREUR MEINTJES" "ATTORNEY MEINTJES"

VOORTREKKERSTRAAT,

MEMEL, O.V.S / O.F.S.

27 Julie, 1955

Die Naturelle Kommissaris,
HARRISMITH, O.V.S.

Meneer,

1/3 **IZAK MOLOI : aanstelling Kaptein.**

Met verwysing tot ons gesprek onlangs te Harrismith, wens ek nou hierby namens IZAK MOLOI aansoek te doen vir sy offisieele aanstelling as Kaptein oor die Naturelle in daardie omgewing waar hy tans woonagtig is.

Ingeslote vind U brief en aanbeveling van Mnr. A.F.P. Holtzhausen, boer van die plaas 'Goedehoop', in die distrik van Harrismith (Memel afdeling), en wat vir sigselwe spreek.

Skrywer weet dat dit die begeerte is van 'n groot aantal naturelle dat IZAK MOLOI wel as opvolger van sy Vader, as Kaptein of 'Induna', aangestel sal word.

Ek vertrou dus dat hierdie aansoek ook U goedkeuring en aanbeveling sal wegdra.

Ek het die eer my te noem,
Meneer,
U dienswillige Dienaar,
M. MEINTJES /-

AFSKRIF.

M. MEINTJES.

Posbus 8,
MEMEL.

27 Julie, 1955.

Die Natrelle Kommissaris,
HARRISMITH.

Meneer,

I/S IZAK MOLOI: AANSTELLING KAPTEIN.

Met verwysing tot ons gesprek onlangs te Harrismith, wens ek nou hierby namens IZAK MOLOI aansoek te doen vir sy offisieele aanstelling as Kaptein oor die Naturelle in daardie omgewing waar hy tans woonagtig is.

Ingeslote vind U brief en aanbeveling van Mnr. A.F.P. Holtzhausen, boer van die plaas 'Goedehoop', in die distrik van Harrismith (Memel afdeling), en wat vir sigselwe spreek.

Skrywer weet dat dit die begeerte is van 'n groot aantal naturelle dat IZAK MOLOI wel as opvolger van sy Vader, as Kaptein of 'Induna', aangestel sal word.

Ek vertrou dus dat hierdie aansoek ook u goedkeuring en aanbeveling sal wegdra.

Ek het die eer my te noem,
Meneer,
U dienswillige Dienaar,

Get. M. Meintjes.

RN.

Goedehoop,
P.K. Mont-Pelaan,
29 Junie, 1955.

Die Naturelle Kommissaris,
Harrismith.

Waarde Heer,

Ek sertifiseer hierby dat ek vir Izak Moloi goed ken, en hy woon op die plaas "Goedehoop," distrik Harrismith.

Hy is die oudste seun van Bonet Moloi, wie in sy leeftyd "Induna" was by die naturelle in hierdie afdeling.

Ek weet dat die naturelle hierlangs hom graag wil aanstel as Kaptein, en opvolger van sy vader.

Indien hy sou offisieële aanstelling sou kry, het ek daarteen geen beswaar nie. Hy kan afrikaans praat en is eerlik in gedrag en wandel.

Die uwe,

A.F.P. Holtzhausen

**AFSKRIF.**

"Goedehoop",
P.K. MONT PELAAN.

29 Junie 1955.

Die Naturelle Kommissaris,
HARRISMITH.

Waarde Heer,

Ek sertifiseer hierby dat ek vir Izak Moloi goed ken, en hy woon op die plaas "Goedehoop", distrik Harrismith.

Hy is die oudste seun van Comet Moloi, wie in sy leeftyd "Induna" was by die naturelle in hierdie afdeling.

Ek weet dat die naturelle hierlangs hom graag wil aanstel as Kaptein, en opvolger van sy vader.

Indien hy so'n offisieele aanstelling sou kry, het ek daarteen geen beswaar nie. Hy kan afrikaans praat en is eerlik in gedrag en wandel.

Die uwe,

GETEKEN: A.F.P. HOLTZHAUSEN.

RM.

(18)2/1/2

924,
POTCHEFSTROOM.
5 Aug. 55.

Die Magistraat,
HARRISMITH.

AANSOEK OM AANSTELLING AS KAPTEIN OF "INDUNA":
IZAK MOLOI.

Na aanleiding van u diensbrief Nr. N.1/1/2 van 30 Julie 1955, wens ek u mee te deel dat die brief gedateer 27 Julie 1955, van Mnr. M. Meintjies van Memel waarvan melding gemaak word, nie aan u diensbrief geheg was soos aangedui nie.

Geliewe my met 'n afskrif daarvan te voorsien.

C. C. ELSTON

Waarn.HOOFNATURELLEKOMMISSARIS.
WESTELIKE GEBIEDE.

(18)2/1/2

Z. 14.

Gellewe in u Antwoord te verwys na
In Reply Please Quote

No. N1/1/2

HOOFNATURELLEKOMMISSARIS
WESTELIKE GEBIEDE
-5-8-1955
POTCHEFSTROOM
CHIEF NATIVE COMMISSIONER

UNIE VAN SUID-AFRIKA.—UNION OF SOUTH AFRICA.
KANTOOR VAN DIE—OFFICE OF THE

MAGISTRAAT
HARRISMITH
30 Julie 1955.

Die Hoof-Naturellekommissaris,
POTCHEFSTROOM.

AANSOEK AANSTELLING AS KAPTEIN OF
"INDUNA" : IZAK MOLOI.

Die aangehegte brief dateer 27 Julie 1955 van Mnr. M. Meintjes, van Memel word hiermee afgestuur vir u inligting en behandeling. Mnr. Meintjes het my onlangs gespreek en ek het hom meegedeel om applikant se aansoek skriftelik te doen. Ek het hom verder meegedeel dat die vooruitsigte vir so 'n aanstelling gering is, maar dat ek dit sou aanstuur aan u.

Die posisie is dat met uitsondering van die Witzieshoek reserve, alle naturelle in hierdie distrik onstan is, gevolglik is daar geen Kapteins of Indunas in hierdie distrik nie. Klagtes was by hierdie kantoor ingedien dat bogenoemde sake verhoor en vergoeding eis, as gevolg na waarvan ek hom na hierdie kantoor ontbied het en meegedeel het dat hy dit onmiddellik moet staak, tensy hy 'n aanstelling hou. Die aansoek word nou gedoen as gevolg van my mededeling. So ver ek kan vasstel het Moloi geen gevolg nie en is die doel om geskille tussen naturelle in sy buurte te verhoor. Daar bestaan geen gronde vir sy aanstelling nie. Indien u verdere inligting verlang sal dit met graagte verskaf word.

S.J. ERASMUS
NATURELLEKOMMISSARIS.

SJE/RN.